# Akademiese Jaardag, Geneeskunde-Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch

## OPENINGSREDE — 4 AUGUSTUS 1972

PROFESSOR F. P. RETIEF, *Fakulteit Geneeskunde, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, OVS*

*S. Afr. Med. J.*, **47**, 5 (1973).

Dit is vir my 'n besondere eer om in hierdie jubileumjaar van u Geneeskunde-fakulteit, genooi te word om die openingsrede by die Akademiese Jaardag te lewer. Vir byna 10 van die aangenaamste jare van my lewe was ek verbonde aan hierdie mediese skool, en ek dink vandag met aangename herinneringe terug aan daardie tydperk. Dit is vanjaar 'n dekade gelede dat die eerste mediese studente wat aan hierdie fakulteit gestudeer het, as volwaardige geneeshere by die S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad geregistreer het. Dit is dan ook paslik dat u vanjaar daartoe oorgegaan het om 'n Geneeskundige Oud-Studentebond te stig. Daar kom tye wanneer dit belangrik is vir inrigtings soos hierdie om 'n oomblik stil te staan en die verlede te betrag — en moontlik om die toekomsvisier suiwer in te stel. Die eerste 16 bestaansjare was besondere jare van groei en bydrae — 'n tydperk waarin die mediese skool reeds trotse tradisie kon opbou.

Dit is ongetwyfeld so dat elke Geneeskunde-fakulteit 'n eie karakter het. Hierdie karakter wat oponsigtelik ingebou word in die tradisie van die skool, druk ook sy beeld af op die skool se studente — sowel voorgraads as nagraads. Hierdie karakter wat deur soveel verskillende faktore geskep en geslyp word, is dikwels moeilik definieerbaar, maar tog so werklik soos die Augustuswinde in die Vrystaat. Oor hierdie karakter of tradisie het Sir William Osler die volgende waar woorde gesê: ,The fate of an institution lies in the men who work in its halls and in the ideals which they cherish and teach'.

Dit is 'n diep gedagte dat die wese van 'n mediese skool in die eerste instansie nie afhang van sy geboue, sy fasiliteite of sy geografiese ligging nie, maar wel van sy personeel, en in besonder die inspirasie wat hulle uitstraal — of wat hulle in gebreke bly om uit te straal. Slegs die enkeling is geseën met 'n oormaat aangebore sprankeling, oorspronklikheid, breinkrag en voortreflike menseverhoudinge — vir die meeste van ons egter, bly dit 'n saak van volgehoue toewyding, en die daadwerklike slyp van akademiese talente. In geen teksboek kan ons leer hoe om maksimaal te inspireer nie, maar desnieteenstaande bly dit ons plig om as dosente 'n inspirasie vir ons studente te wees. Ons lesings moet te alle tye doelgerig en fris voorberei, en entoesiasties voorgedra word — selfs vir die elementêrste vierdejaar-saalrondtes wanneer slegs fisiese tekens gedemonstreer word, en vir die klein groep tutoriale.

Is ons beskikbaar genoeg vir ons studente, en departementshoofde vir hul personeel? 'n Departement groei om dié departementshoof wat geïnteresseerd is in sy personeel, wat weet wat hulle probleme is, wie se beloftes uitgevoer word en wat sover menslik moontlik van dag tot dag (miskien veral van krisis tot krisis) gelykmatig optree. Een van die heel belangrikste faktore in 'n inrigting soos hierdie, is wederkerige respek — en hier speel respek t.o.v. suiwer akademiese bekwaamheid slegs 'n beperkte rol. Geregverdigde berisping en kritiek is ongetwyfeld noodsaaklik — maar neerhaling van persoonlike waardigheid is iets anders, en iets wat m.i. nooit geregverdig is nie; nie agter geslote deure nie, en definitief nooit in die openbaar nie. Dit is belangrik dat lojaliteit spontaan moet ontstaan — lojaliteit teenoor departementshoof en kollega, maar ook lojaliteit teenoor die skool in die breë opset. Die spontane gees van lojaliteit is een van die aangenaamste herinneringe wat ek uit my jare aan hierdie Geneeskunde-fakulteit oorhou, gebou op 'n basis van wederkerige respek, pligsgetrouheid en onbaatsugtigheid.

Dit is vir ons belangrik om feite aan studente oor te dra, maar hierdie is die maklike deel van ons onderrigplig. Veel belangriker is dié dinge wat ons nie d.m.v. didaktiese lesings oordra nie, maar dit wat hulle van ons leer sonder dat ons dit amptelik doseer — ons lewensbeskouing, ons optrede teenoor pasiënt en medemens, veral ons optrede teenoor ons mindere: in kort die etiek van Geneeskunde en van die lewe in die algemeen. Ons gaan 'n tydperk binne waar rekenoutomate en meganiese doseerapparate in die geneeskundige-akademiese sfeer al hoe belangriker gaan word. Van u en van my gaan dit afhang of die student van die toekoms slegs feite gaan leer, of ook daardie iets ekstra waarvan Plato gepraat het toe hy meer as 2 000 jaar gelede reeds beweer het dat dít wat 'n student tydens sy opleidingsjare word, belangriker is as dit wat hy leer. Mag ons mediese skole nooit graadfabrieke word nie.

Elke mediese skool besef die waarde van navorsing. Die subtiele indirekte invloed wat ten goede of ten kwade op onderrigvlak uit ons optrede as dosente straal, is in groot mate ook verantwoordelik vir die sukses al dan nie, van ons navorsingsonderrig. Navorsing is nie iets wat geïsoleerd op nagraadse vlak deur amptelike navorsers uitgevoer moet word nie. Dis iets wat onafskeidbaar deel moet vorm van ons hele akademiese denke, en iets waarvan ons studente reeds in hul heel

vroeë studiejare van bewus moet word. Persoonlik glo ek dat navorsingsbewustheid pertinent op voorgraadse vlak aangeleer moet word — inderwaarheid wonder ek of mens ooit op nagraadse vlak inhaal indien jy nie as voorgraadse studente geleer het om te bevraagteken, te ondersoek, akkurate waarnemings te doen en 'n naslaanbiblioteek doeltreffend te gebruik nie. Al hierdie dinge word weereens grootliks onbewustelik van die leermeester geassimileer, of nie geassimileer nie. En persoonlik voel ek dat die heel belangrikste enkele feit wat 'n Geneeskunde-student moet leer, juis dít is dat hy lewenslank student moet bly.

Na hierdie opmerkings oor Geneeskundige onderrig in die algemeen, wil ek graag enkele dinge sê oor iets wat vir my baie na aan die hart lê, nl. die spesifieke rol en funksie van ons Afrikaanse mediese skole.

In die hele wêreled is daar net 3 Afrikaanse mediese skole, en indien ons glo dat Afrikaans 'n bestaansreg het, is dit ons plig om hierdie bestaansreg in die geneeskundig-wetenskaplike wêreld te verseker. Maar benewens hierdie baie spesifieke taak, is dit ook ons plig om in die breë nasionale en internasionale Geneeskunde 'n trotse bydrae te lewer. Inderdaad lê ons eiesoortige probleem daarin dat in die optimale vervulling van ons taak 'n balans geslaan moet word tussen ons strewe ter uitbouing van ons moedertaal as vaktaal in die Geneeskunde, en, aan die ander hand, die lewering van 'n regmatige bydrae tot nasionale en internasionale Geneeskunde. Ons kontak met internasionale Geneeskunde sal vir die opsienbare toekoms deur medium Engels geskied. Ons moet dus Engels doeltreffend kan hanteer in die skryf van artikels, voordra van referate en in die kontak met buitelandse besoekers. In internasionale geselskap moet ons inderdaad die taalmedium Engels ewe goed kan gebruik as ons kollegas van Engelstalige mediese skole. Wanneer dit kom by die taalmedium waarin ons artikels gepubliseer word, staan ons voor dieselfde kompromis: Aan die een kant die uitbouing van Afrikaans as 'n eie vaktaal, aan die ander kant die internasionale bekendstelling van inligting. In ieder instansie moet individueel besin word oor die relatiewe meriete van die saak.

In soverre dit die gebruik van geneeskundige Afrikaans binne ons land aangaan, glo ek moet ons verbeter op die verlede. In dié verband rus die onus vierkantig op ons eie skouers. Heftige emosiebelaaide kruistogte is m.i. selde suksesvol — in die dagpers gerapporteer, lyk dit goed, maar wat ons benodig is langtermyn sukses, nie korttermyn sensasie nie.

By ons nasionale kongresse moet meer Afrikaans gepraat word. Dit is natuurlik so dat feitlik al ons nasionale kongresse deesdae bygewoon word deur buitelandse besoekers en dat ons dan uit beleefdheid deurgaans Engels praat. Hierdie toestand van sake is natuurlik op die lange duur nie aanvaarbaar nie, en in dié verband lê die oplossing seker in die daarstelling van gelyktydige vertalingsfasiliteite, waardeur buitelandse besoekers in staat gestel sal word om Afrikaanse referate en Afrikaanstalige besprekings te volg. In die buiteland word daar reeds op groot skaal van sulke vertalingsdienste gebruik gemaak, en daar is geen rede waarom dit nie as 'n nasionale saak in die Republiek aangepak en deurgevoer kan word nie. Tydens die jongste jaarvergadering van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, is die wenslikheid van so 'n vertalingsdiens vir die Republiek in beginsel aanvaar. Onder huidige omstandighede gebeur dit dikwels dat buitelandse besoekers mediese kongresse bywoon en daarna die land verlaat onbewus daarvan dat Afrikaans as 'n akademiese vaktaal bestaan. Kollegas aan ons Engelstalige mediese skole hoor tans selde of ooit Afrikaans as geneeskundige vaktaal. Wanneer personeel van 'n Afrikaanse mediese skool Engelstalige inrigtings besoek het, was ons nog altyd bereid om Engels te praat, en wanneer hulle dosente ons skole besoek het, het ons weer uit beleefdheid Engels gepraat — omdat ons besef het dat hulle ons akademiese Afrikaans nie magtig is nie. Dit is natuurlik nie nodig dat hierdie situasie moet voortduur nie. Ons kan met reg verwag dat alle geneeshere in hierdie land in beide ampstale hulle pasiënte moet kan bedien. In dié verband het die Engelstalige mediese skole dus 'n verantwoordelikheid om hulle studente oor akademiese Afrikaans nie onkundig te laat nie.

Ek glo dat ons in die verlede te passief was, en Afrikaans in ons eie mediese skole, en slegs daar, uitgebou en gebruik het. Kruisbestuiwing tussen mediese skole op taalgebied het nou noodsaaklik geword, en in dié verband is dit ook die plig van ons Engelse mediese skole om meer daadwerklik as in die verlede met akademiese Afrikaans vertroud te raak.

Stellenbosch Mediese Skool het reeds veel gedoen om Afrikaanse Geneeskunde te ontwikkel en uit te dra. Oor die algemeen glo ek egter dat ons Afrikaanse mediese skole nog nie 'n optimale rol speel nie — ons kan by nasionale kongresse groter bydraes lewer, en beter verteenwoordig wees. Ons inrigtings is nog jonk, en ons het 'n basiese agterstand, maar ek glo dat ons vinniger kan opvang as wat ons tans doen, en op nasionale vlak 'n groter bydrae kan lewer.

Ons gaan interessante jare tegemoet. Die volgende dekade of twee sal veel veranderinge meebring. Probleme sal na vore kom waarmee ons nog nooit tevore te kampe gehad het nie, en ons sal wysheid benodig wat nie in boeke staan nie. Die sukses waarmee ons mediese skole toekomstige probleme hanteer, sal in 'n groot mate 'n refleksie wees van hoe sy personeel reageer en aanpas. Ons land se mediese skole kan in 'n groter mate as in die verlede met mekaar saamwerk, en van mekaar leer. Wederkerige vertroue berus op wederkerige respek — respek vir akademiese bekwaamhede, respek vir persoon, tradisie en Taal.

Laat elkeen dan sy plig doen soos hy dit sien in die kort tydjie tot sy beskikking, met die wete dat dit eintlik al is wat van ons verwag kan word. En so het Omar Khayyám dit reeds 9 eeue in sy *Rubá'iyát* gesien:

There was a door to which I found no key,
There was a veil past which I could not see,
Some little talk awhile of Me and Thee,
There seemed — and then no more of Thee and Me.